
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

God het nie net liefde nie, maar HY IS LIEFDE.

Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, WANT GOD IS LIEFDE. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons sò lief gehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.

Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van Sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. (1 Joh. 4:8-16)

Kom ons let op 9 aspekte van die Liefde van God.

1. GOD SE LIEFDE KAN NIE BEINVLOED WORD NIE.

God se hele natuur is liefde. God se hart is liefde. *Daar is geen kwaliteite of eienskappe wat God se liefde kan aantrek na die voorwerpe wat Hy liefhet nie.*

Dis 'n belangrike stelling – lees dit weer, asb. Want ons is tog Sy skepping en het weens sonde eintlik afstootlik geword vir Sy Heiligheid. Hy het ons lief om Homself: OMDAT HY LIEFDE IS.

Wanneer ons 'n ander persoon liefhet is dit gewoonlik omdat ons iets aantrekliks in hom vind; hy vind byval by ons. Maar ons het niks om by God mee byval te vind nie. Tog KIES Hy om ons lief te hê: dis Sy soewereine wil, tenspyte van wat die mens is of gedoen het. Soos vir Israel van ouds, sê Hy vandag nog vir die mens: **Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. (Deut. 7:7)**

God het ons van ewigheid af lief daarom kan niks aan 'n persoon die oorsaak wees van wat in God was van die Begin af nie. **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…. (Jer. 31:3)**

Hy het ons liefgehad toe ons nog teenoor Hom vyandig gesind was, en sò het Hy reeds Sy eie gebod nagekom wat lui dat ons ons vyande moet lief hê.

… maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8-10)

Ons het God lief OMDAT HY ONS EERSTE LIEFGEHAD het (Joh. 4:19) Hierdie eienskap van God, nl. Sy Liefde, is een van Sy oordraaglike eienskappe aan Sy Kinders, nl. hulle wat weergebore en Geesvervuld is. Nie al God se eienskappe is oordraaglik nie. Hy is bv. Alomteenwoordig, alwetend en almagtig: sò kan Sy Kinders nie wees nie. Maar Sy Kinders besit wel Sy Liefde. Dis die *agapè* liefde, Goddelike liefde, die Godsoortige liefde. Daarom kan die gelowige ook KIES om lief te hê, en hoef nie te wag vir iets in sy medemens om by hom byval te vind voordat hy hom kan liefhê nie.

2. GOD SE LIEFDE IS EWIG



geen groter liefde

God het nie net liefde nie,
maar HY IS LIEFDE.

Kyk weer na Jer. 31:3: **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…..**

As God ons kon liefhê toe ons nog sondaars was, vyande van die Kruis, kan ons verseker wees dat Hy sal aanhou om ons lief te hê. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG. Wanneer jy dit besef dan twyfel jy nooit aan God se Liefde vir jou nie. Dan, wanneer 'n krisis kom, dink jy nie dat God jou nie meer liefhet en Sy Liefde van jou af onttrek is nie. Sy Liefde is dan EWIG! 'n Vader en 'n moeder onttrek nie hulle liefde van hulle stout kind af nie, en God se Vaderliefde vir ons is tog soveel GROTER as diè van 'n aardse ouer vir sy kind. Die omgang tussen die ouer en die kind is wel versteur,

(vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geen Groter Liefde)
maar die verhouding is nie verbreek nie. God is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG!

3. GOD SE LIEFDE IS NIE 'N EMOSIE NIE.

Dis by hierdie aspek waar die meeste mense baie verwar raak oor liefde. Ons het slegs 'n konsep van menslike liefde wat verander met gevoelens en omstandighede. God se Liefde is 'n KEUSE VAN SY WIL: HY KIES om lief te hê en daarom verander Sy Liefde nie.

In die Bybel lees ons van drie verskillende soorte liefde, nl. broederliefde (Grieks: fileo), vleeslike liefde (Grieks: eros – dis fisiese aantreklikheid wat Satan nou weer pervert het sodat dit SEKS beklemtoon en die wêreld se standaard vir aanvaarbaarheid geword het) en Goddelike liefde (Grieks: agapè). Agape soek altyd die welsyn en voordele van ander: dit GEE altyd.

Want sò lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy Eniggebore Seun GEGEE het.... (Joh. 3:16)

Die mens se liefde is op 'n emosionele vlak, maar op onstabiele emosies kan jy nie 'n verhouding bou nie – gevoelens is misleidend.

God se Liefde is nie op en af nie: Hy het Sy Liefde met Sy dade bevestig. Ons was sondaars wat die hel verdien het. God het GEKIES om ons lief te hê. En dit het nie gebeur omdat Hy een oggend goed gevoel het en gesê het: "Ek voel lus om daardie arme klomp sondaars te red nie." Nee, Hy het GEKIES om ons van ewigheid tot ewigheid lief te hê.

4. GOD SE LIEFDE IS HEILIG

Sy liefde is nie slap en na willekeur nie, dis standvastig en regverdig.

5. GOD SE LIEFDE KAN NET DEUR DIE INNERLIKE VAN DIE MENS BEGRYP WORD.

Ef. 3:16-19: ... dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat hulle vervul kan word tot al die volheid van God.

Vers 16 praat van die "innerlike mens" en vers 17 sê: ….**julle wat in die LIEFDE gewortel en gegrond is. Vers 18 en 19: en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges (wedergebore, Geesvervulde Kinders van God) TEN VOLLE TE BEGRYP wat die BREEDTE en LENGTE en DIEPTE en HOOGTE is, en die LIEFDE van Christus TE KEN wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die VOLHEID VAN GOD.**

Die Kind van God is dus geplant in hierdie liefde wat alle kop kennis oortref, en jy kan dus die volle dimensie van hierdie LIEFDE BEGRYP: die breedte, lengte, diepte en hoogte daarvan.

Wanneer jy volgens hierdie liefde optree en wandel, beweeg jy in die VOLHEID van die geestelike realme. So bring jy die Liefde van God in jou omstandighede in. As jy nie in hierdie liefde lewe nie, begryp jy nie die Liefde van God nie. Jy mag 'n paar Skriftekste ken, maar jy BEGRYP hierdie Goddelike Liefde wanneer jy dit in die praktyk toe pas.

6. GOD SE LIEFDE IS PERFEK.

Ons het in Ef. 3:18 gelees van die begrip wat God se Kind kan hê van die breedte, lengte, diepte en hoogte van Sy Liefde. As ons die diepte en hoogte as een sy van 'n blokkie (kubus) kan neem, vind ons die ander twee sye is die lengte en breedte. Vir die Hebreeuse denkwyse simboliseer die eweredigheid van die kubus VOLMAAKTHEID (perfektheid, volkomenheid) So sien ons dat in Moses se tabernakel die Aller Heiligste 'n kubieke maat gehad het. In Salomo se tempel was dit ook die geval, maar net groter. Kyk na die mate van die Hemelse Stad van Openb. 21:16.

God se liefde besit so 'n VOLMAAKTHEID. Kom ons ondersoek dit.

7. DIE KRUIS IS DIE HOOGSTE UITDRUKKING VAN GOD SE LIEFDE

Die omstandighede van Jesus Christus se dood illustreer vir ons die breedte, lengte, diepte en hoogte van God se Liefde.

A. OPSKRIF BOKANT DIE KRUIS:

En daar was ook 'n opskrif bokant op geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE. (Luk. 23:38)

Hebreeuse was die godsdienstige taal van daardie tyd, Grieks die kulturele taal en Latyn die taal van die gereg. Die drie tale was nie net simbolies van die hele spektrum van die samelewing nie, maar van die ganse aarde, en almal was saamgevat op die Kruis. Die ganse mensdom was hier ingesluit: Die BREEDTE van die Liefde van God.

B. CHRISTUS SE UITROEP.

.....en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sbagtani? Dit is: My God, My God, waarom het U My verlaat? (Matt. 27:46)

Hier het God Sy Seun verlaat. Dit is die LENGTE waartoe die Liefde van God gegaan het om die mens te red. Sy Seun het sonde vir ons geword, en die ewige straf in ons plek gedra.

Kan jy sien hoe dwaas dit is om te redeneer dat God ons oordeel vir ons sondes wanneer ellende ons oorval?! Jesus was klaar geoordeel aan die Kruis vir ons sonde van gister, vandag en more.

... en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde. (1 Joh. 1:7)

C. TUSSEN TWEE KWAADDOENERS:

En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners een aan die regter – en een aan die linkerkant (Luk. 23:33)

En Jesus antwoord hom. **Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees. (Luk. 24:43)** Die DIEPTE van God se Liefde reik tot by die dief, die modenaar…..


Die HOOGTE van God se Liefde lig die sterwende oortreder tot in die Paradys. Die uitgeworpene wat die mens verwerp, is vir God steeds kosbaar.

Ek het 'n Engelse uitdrukking gehoor wat lui: "It takes us from the guttermost (slootdieptes) to the uttermost (die hoogste hoogtes)" Dis

(Vervolg op Bl. 6)

God se Liefde is 'n KEUSE VAN SY WIL: HY KIES om lief te hê en daarom verander Sy Liefde nie.

PERFECT LOVE



Our marvellous Saviour who became our substitute for sin, was the Light of the world to give light to mankind. (John 1:3,9)

The longer I walk with the Lord and the more often I preach about Jesus' sacrificial death on the cross of Calvary which made it possible for us to be saved and healed, I realize with greater intensity the immense, unfathomable love of our Heavenly Father for mankind and Jesus' love for the lost. It is impossible for any human mind to comprehend God's tremendous love displayed in His plan of salvation, just as it is impossible for us to even imagine the love that motivated Jesus to choose to die a gruesome death and shed His blood so that His Father's plan of salvation could be realized.

How amazing that The Son of God, who loved me, gave Himself for me.

I am crucified with Christ: nevertheless I live; yet not I, but Christ liveth in me: and the life which I now live in the flesh I live by the faith of the Son of God, who loved me, and gave Himself for me. Gal. 2:20.

The Word of God describes the Christian life as the "outliving" of an "indwelling" Christ. Paul speaks of his life as a sinner, without Christ and then says "Who loved me, and gave Himself for me." Christ was willing to be crucified for a sinner. Paul saw Himself "crucified with Christ." Jesus Christ gave himself willingly. Paul says he is crucified with Christ, meaning that he has chosen to lay down his own life for Jesus. "Nevertheless I live." Dead, but yet alive! Paul as a "crucified" man, now indwelt by his once crucified but now living Lord. "Christ liveth in me." The apostle then explains that the way to maintain this new life is by faith in Christ "by the faith of the Son of God." The last part of this wonderful verse magnifies the extreme LOVE and SACRIFICE of our Lord Jesus Christ.

Firstly we must realize that He is the Son of God, having divine authority, position and power from God. Being equal with the Father because 1 Cor. 2:8 speaks of Him being the "Lord of Glory". He was the "image of the invisible God" and "the first born of every creature." Those who rejected and later crucified Him could not see this because their eyes were blinded to His true identity. He was the "Creator of All" according to Heb. 1:2. He made the worlds, and through Christ everything was brought into being (Col. 1:16). Our marvellous Saviour who became our substitute for sin, was the Light of the world to give light to mankind. (John 1:3,9)

We read in Col. 1:17, that He is the sustainer of life. Jesus Christ was "before all things" and "by Him all things consist". He was the One seen for this supreme majesty, power and dominion. Although Jesus died in extreme human weakness, because He was the spotless sinless lamb of God, He alone could pay the price for our redemption as our Saviour. If He was just an ordinary man, His death would have no power to redeem. He loved you and me so much that He gave Himself for you and me. Some people seem to love but never give, and others give but never love. CHIST SHOWED HIS LOVE IN SELF SACRIFICE. Meditate for a moment on His Love! Jesus – sinless, perfect and almighty showered His love upon sinful, rebellious and wicked men. What amazing, unconditional love. OH THE BOUNDLESS LOVE OF CHRIST!! Love that was His initiative, unsought by mankind while we were still sinners, He commanded His Love to us (Rom. 5:8) This is the highest level of love (1 John 4:10) "He FIRST loved us", because God is love, and He loves the unlovely and unlovable (1 John 4:16).

We are, honestly speaking, unworthy and undeserving of such matchless love. Unloved by mankind throughout the ages and spurned by multitudes today, He seeks us and finds us in our sin and rebellion to woo us unto Himself. As the words of the song goes, ***"O, Thou Loving One, Thou Blessed One. Thou deservest to have me. Thou has bought me, Thou deserved to have me all. Thou hast paid for me ten thousand times more than I am worth."***

The Love of God, like Himself, is perfect and pure. Human love even though intensely felt, has many defects. Can a woman forget the child she bore? She may, but there is no flaw in His divine Love. Nothing can quench it or separate us from it. It suffers long and is kind. It does not let us go. Jesus says "Greater love hath no man than this, that a man lay down his life for His friends." (John 15:13). Jesus' love

(Continued on page 4)

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Continued from page 3 -Perfect Love .)

is even greater than this for we were sinners, we were enemies yet Jesus loved us and died for us.

When God spoke to His people He said, "I have loved thee with an everlasting love" (Jer. 31:3), His love is eternal. When Jesus spoke to His disciples He assured them that having loved them, He would love them unto the end (John 13:1) His love was not born therefore it cannot die. His love wraps itself around our hearts and goes with us into eternity. No one and nothing, not even death can separate us from this love. **Who shall separate us from the love of Christ? shall tribulation, or distress, or persecution, or famine, or nakedness, or peril, or sword? As it is written, For thy sake we are killed all the day long; we are accounted as sheep for the slaughter. Nay, in all these things we are more than conquerors through him that loved us. For I am persuaded, that neither death, nor life, nor angels, nor principalities, nor powers, nor things present, nor things to come, Nor height, nor depth, nor any other creature, shall be able to separate us from the love of God, which is in Christ Jesus our Lord. (Rom. 8:35-39)**

An incredible thought is that God has set His love upon me (Ps. 91:14), it is personal. Jesus called the individuals He loved by name "Mary, Martha, Lazarus" (John 11:5) HE LOVES YOU PERSONALLY. Paul wrote "The Son of God who loved me and gave Himself for Me." (Gal. 2:20) The apostle Paul was loved of the Lord even when he was still Saul – a blasphemer and persecutor of God's people. (Read our book "Paul's thorn in the flesh").

We all need God's eternal love. I wish that multitudes more would open the shutters of their lives and allow His transforming love to flood their souls! **Open ye the doors and the King of Glory shall come in (Psalm 24:7)**.

THE GIFT OF HIS LOVE

Two aspects united in life are Loving and Giving and Sacrifice is the highest evidence of love. Jesus not only loved but gave the best. He gave Himself, for OUR redemption. The Father freely gave up His son to die for all man (John 3:16, 1 John 4:9). In short He sacrificed His only begotten Son on our behalf.

The Son voluntarily surrendered His Life for Our Salvation (Gal. 2:24). Giving is twofold, firstly to surrender – God surrendered His Son as His part of redemption. Secondly to hand over – Jesus gave, handed over His Life, as a substitute for others when He submitted to the will of His Father. He gave Himself in place of me. Peter and Paul write of Christ as being the sinner's Substitute (1 Peter 2:21, 3:18, 4:11) By God's grace Jesus tasted death for every man. It is beyond our minds to understand fully this marvellous truth – that by dying, He conquered death! He died for me! All have sinned, and all can lay claim to everything that our Saviour provided, if we come to Him with repentant hearts, confessing that we are sinners in need of a Saviour. Jesus took each of our own personal sin upon Himself on the cross of Calvary, and that sin was washed away by His precious blood which was shed to pay for the sin of mankind and to reconcile us to His Father once again. Such is the manner of His Love that each can become a Son of God. (1 John 3:1) The scripture verse at the beginning of this article is Galation 2:20 and begins with: "The Son of God" and ends with "me." What extreme contrasts, and what extreme love!

Jesus Christ the same yesterday, and today, and forever (Heb. 13:8) The same! How we love this verse. The world is a sinful, restless world. Uncertainty is written everywhere in human life, but the Living Word and the Written Word are unchangeable. What was He before He was born of the Virgin Mary? He was God. What was He when He lived and laboured among men? He was God. What was He when He hung on the cross? He was God. What is He today? Still God, with the same pierced hands and feet, the same scarred side, the same loving heart – for having loved His own, He loves them still and will love them throughout eternity. Nothing in human thought or language is more wonderful. Let us therefore pray: Lord Jesus Christ, Thou are the same. Help us to sense it and intensify our love for Thee and may it also be always "the same," as we demonstrate it by our obedience to Your commands. □



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dankie liewe Jesus, U het my gebed verhoor. Ek loof en prys U. U is ons Groot Geneesheer, Dankie, Dr James van Zyl vir die wonderlike instrument wat u in ons Hemelse Vader se diens is. My broer Tommie se hart het versterk en daar is nie meer kans van beroerte nie. Ons aanbid 'n lewende God. Deur Sy wonde het daar genesing gekom. Ek bid vir volharding in Sy liefdes diens. Baie dankie

Mev V Dicks, Pretoria

Ek wil net eers vir julle sê dat Tienie van der Heever wat rektum kanker gehad het, opgestaan en geloop het. Sy dokter het nie hoop gehad dat hy ooit weer sou kon loop. Ek het vir julle 'n faks gestuur en skaars een dag daarna het hy opgestaan en sy eerste ses treetjies gegee. Hy is 'n boer van Upington. Hy het elke dag al verder geloop. Hy is huis toe. Ek loof en prys die Here want daar is geen einde aan Sy goedertierenheid nie.

C Ingram, Bloemfontein

Liewe Dr James, Meg en al die medewerkers by die Stanger Christelike Sentrum. Dankie vir al julle gebede vir my kleindogter, Lee Handrie van Warden. Die oorspesialiste staan verstom oor die wonderwerk aan haar oortjies. 'n Operasie is nie nodig nie. Oortjies is getoets en sy is nie doof nie, net 'n bietjie vogtigheid agter die oordrommetjies. Absoluut 'n wonderwerk!! Loof my Jesus. Prys SY wonderlike Naam, God is Goed!!

Ouma Pat, Bethlehem

Baie dankie dr James en gebedspan vir gebed vir my nek en arms. Ek het verlede Donderdag 28/06 ingebel en gevra vir gebed. Ek het geweldig pyn gehad in my nek en arms en weet ek mag nie na die chiropraktisyn gaan nie. My probleem ontstaan al lankal a.g.v. 'n rugoperasie in 1980. Terwyl ek Vrydagoggend vroeg soos my gewoonte is by die Here sit, het ek Hom net geloof en geprys en gedank vir my genesing. Vanaf 7 uur was ek saam met u in gebed en net voor ek nagmaal gebruik het, het ek duidelik die stem van die Heilige Gees gehoor wat vir my sê: "Ontvang jou genesing." Al die eer en lof en dank aan My Hemelse Vader in Jesus Christus. My rugpyn en die geweldige spanning is genees. Hy het al my krankhede gedra!!

Mev M Liebenberg, Bloemfontein

Baie dankie vir julle voorbidding vir Herman Meyer van Brakpan wat ernstig inwendige beserings opgedoen het toe 'n groot hoeveelheid hout op hom geval het. Dis met diepe dankbaar heid en blydskap dat ons vandag kan getuig, dat Herman reeds ontslaan is en tuis verder aansterk. Al die lof en eer kom Jesus toe! Baie dankie vir die wonderlike werk wat julle doen. Mag julle geseënd wees. Liefdegroete

Mev S Jooste, Springs

Groete in die wonderlike naam van Jesus! Ek wil net baie dankie sê vir julle gebede en vir die boekie, ek waardeer dit opreg. Ek wil net 'n getuie gee hoe wonderlik die Here vir ons Saterdag ons gebede beantwoord het. In ons voortuin staan 'n baie groot boom. My man roep my so ongeveer 4 nm, en sê ek moet kom kyk hoe skuins staan die boom oor na die huis se kant. Hy sê vir my ons moet Maandag, 8 Oktober, iemand skakel om die boom uit te haal, netnou val die boom op ons. Dit het Saterdag baie gereën en die wind het gewaai. Ek bak pannekoek en ek hoor net 'n vreeslike ruk wind, maar op die oomblik bid ek by die stoof, dat die Here Jesus ons huis sal bewaar en die boom anderkant toe sal val en nie ons huis beskadig nie. Toe ek in die naam van Jesus dit vra en sê amen, hoor ek net 'n kraak geluid en iets val baie hard. Toe ek en my man buite kom, lê die boom teenoorgestelde kant van die huis na die hek, en het niks beskadig nie. Ek en my man het God so geprys en dankie gesê dat Hy my verhoor het. Hoe Groot is Ons God nie!! Ek moes net getuig het, teenoor julle hoe goed Hy vir ons is.

Mnr en Mev J van Niekerk, Stilfontein

Graag wil ek my gebedspan meedeel van die wonder, na 26 jaar se pyn is ek verlos van pille wat my so siek laat voel het, en selfs my lewer vergiftig het. Dankie sê ek vir my gekruisigde Heiland se Genade om sy kind te verlos. Ek vra net ek vat hom op Sy Woord wat ons hom sal vra in Geloof sal ons verkry. Dankie ons wonderlike Geneesheer!

Mnr R Moolman, Vryheid

Hier is 'n berig met terugvoering van klein Charlize. U het saam met ons gebid vir haar genesing. Die Here het haar aangeraak en genees. Ons Vader is groot, daar is nie 'n siekte wat Hy nie kan genees nie. Baie dankie vir u gebede, u liefde en die maandblad wat ek so gereeld ontvang. Ons bid dat u geseëndes van die Here sal wees vir die werk wat u vir Hom doen. Baie liefde.

Mev M Prinsloo, Secuda

A while ago I requested your prayers for little Rinaldo, a three year old little boy who was severely brain damaged in an accident. Medically there was nothing they could do. All glory to God Rinaldo is walking, running, talking, hearing and eating. Only his eyes can not see yet, but we trust our God for restoring his sight 100%. Thank you for your prayers for little Rinaldo. God be Praised!! God Bless You!

Mrs B Lewis, Benoni

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Geen Groter Liefde)
presies wat God se Liefde vir die mens doen.

Christus Jesus aan die Kruis is die manifestasie van God se Liefde: dis die sentrale openbaring van die Liefde van God.

(As jy nog nie ons boek DIE NAGMAAL EN GENESING gelees het nie, kan jy gerus dadelik vir jou 'n kopie bestel. Dit sal vir jou 'n insig gee van wat Jesus aan die Kruis gely het en hoe jy daardeur kan LEWE)

D. GOD VERLANG (EIS) DAT ONS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL.

Ons weet dat volgens Matt. 22 is die EERSTE en TWEEDE GEBOD van God: LIEFDE. Maar Hy gee nooit vir ons 'n opdrag wat Hy nie reeds uitgevoer het nie. In Ef. 5:1 en 2 word ons soos volg beveel:

Wees dan NAVOLGERS van God soos geliefde kinders, en WANDEL IN LIEFDE, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Liefde moet vir God se Kinders 'n lewenswyse wees, soos dit vir Christus was, ons moet Sy navolgers wees.

'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê (Joh. 13:34)

Lees ook Joh. 17:24-26.

Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul (Rom. 13:8) Die Here het gesê dat Hy ons 'n NUWE gebod gegee het. Wat was NUUT daaraan? Jesus Christus het met Sy lewe en sterwe dit aan ons gedemonstreer, m.a.w. Hy het vir ons gewys HOE ons moet lief hê. Ons moet Sy navolgers wees.

> **Ek het 'n Engelse uitdrukking gehoor wat lui: "It takes us from the guttermost (slootdieptes) to the uttermost (die hoogste hoogtes)" Dis presies wat God se Liefde vir die mens doen.**

Hoe het Hy liefgehad? Hy het diegene liefgehad wat nie Sy Liefde weer was nie, sy vyande: Hy het tot vir hulle gesterf. Hy het ander se laste gedra. Nou sal jy miskien sê dat jy nie God is nie – hoe kan jy dan so liefhê.

Kom ek wys vir jou twee interessant tekste.

2 Pet. 1:3-4: Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien deur die kennis van Hom.... Sodat julle daardeur DEELGENOTE kan word van die goddelike natuur...

As Kinders van God het ons DEELGENOTE geword van Sy Goddelike Natuur, en Sy Natuur is Liefde. ONS KAN DUS LIEF Hê SOOS HY LIEFHET.

Rom. 5:5: .... Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.


As Kinders van God (wedergebore en Geesvervuld) is GOD SE LIEFDE UITGESTORT IN ONS HARTE. Is jy Geesvervuld? Dan vloei God se Liefde in jou hart, en nooit kan jy sê jy kan nie iemand lief hê nie. (Dis mos die MODE in vandag se huwelike!)

Jesus Christus het GEKIES om Sy Liefde aan die Kruis te demonstreer. As Kinders van God moet ons Sy navolgers wees en KIES om lief te hê – emosies is 'n bonus!

Agapè liefde faal nooit. Soos God se Liefde in 'n situasie en in 'n ander persoon se lewe in gebring word, word verandering bewerk. NIKS IS VIR GOD ONMOONTLIK NIE ! Jy mag miskien uitroep: "Ek het al twee, drie – maal probeer, en nog niks vermag nie!"

(vervolg op Bl. 8)

neem kennis— nuwe boeke



M67—'n Toekoms vir "Gays"?

M68—A future for "Gays"?

M70—The Triune God

M27—Die Drie Eenheid van God (hersien)

66—Pauls Thorn in the Flesh

4—Paulus se doring in die vlees (hersien)

65—Getuienisse Volume 4



NEW DVD

BAPTISM IN THE TIME OF JESUS BY DR RANDALL SMITH

The New Testament opens with John baptizing the Jewish people in the River Jordan. What did the people understand when John the Baptist and Jesus told them to be baptized? And where in Jerusalem could 3000 people, on the day of Pentecost, possibly be baptized?

In this DVD we follow archaeologist and theologian Dr Randall Smith on tour as he takes his students to various sites in the Holy Land explaining the historical development of the theology of the Rabbis during the 400, so called silent years, between Malachi and Matthew.

The DVD is truly a must see; it is an eye opener that presents the viewer with a clear picture of baptism at the start of the Church age.

Order direct from KERUGMA PRODUCTIONS, P O Box 1367, Kuils River, 7579. Tel. No. 021 -9031901, Fax. 021-9062637

Please note this DVD is NOT available from the Stanger Christian Centre.



uit Dr James se kantoor

"Hy wat jou lief gehad en vergewe het sal nooit ophou om jou lief te hê nie, en nooit ophou om jou te vergewe nie. Hy is jou Alfa en sal jou Omega wees. Hy is die eerste en sal die laaste wees. Onthou, selfs wanneer jy deur die vallei van die doodskadu gaan, hoef die bose nie gevrees te word nie, want Hy sal met jou wees."

Dit is asof hierdie jaar selfs vinniger verby gevlieg het as laas jaar, en alhoewel (deur terug te kyk oor die laaste twaalf maande) die Here ons instaat gestel het om baie tot Sy roem te kon vermag, is daar nog so baie wat ons wil doen as gevolg van die dringendheid van die tye waarin ons leef!!

Ons bly so dankbaar vir diè van julle wat kragtig betrokke was by die verspreiding van die Goeie Nuus van ons Here Jesus Christus aan duisende hierdie jaar – Sy verlossing en genesing wat beskikbaar is aan hulle wat glo! Die duisende nuusbriewe, boeke en bande wat vanaf die Christelike Sentrum in Stanger uitgegaan het verstom ons nog steeds, en ons weet dat dit net Vader God is wat dit kon doen! Ons is as `n span bevoorreg om geroep en gebruik te kon word om siele vir Sy Koninkryk te wen en te getuig van Sy wonderwerkende krag in die lewens van honderde. Hy is werlik die God wat die brode en visse vermeerder, wat steeds die menigtes voed met die brood van die lewe – Sy Woord! Sy liefde is onpeilbaar! Dit is die liefde en goedheid van God wat tot bekering lei (Rom. 2:4) en ons kan net op so `n groot liefde reageer deur dit met dankbaarheid aan te gryp en met andere te deel wat dit nog nie weet nie!

Laat ons vir `n oomblik oor die liefde wat ek en jy, in die verlede ondervind het, nadink. As jy terug kyk, dink daaraan hoe die Here jou God jou in die wildernis gelei het. Dink daaraan hoedat Hy jou gevoed en geklee het, hoe geduldig Hy met jou was, selfs toe jy soms wou terug keer na die vleispotte van Egipte. Hoe Hy die rots geopen het om vir jou te voorsien en jou te voed met manna uit die Hemel. Dink hoe Sy genade genoeg vir jou was in al jou probleme, en hoe Sy bloed al jou sondes vergewe het, en hoe Sy stok en staf jou vertroos het. En nou, nadat ek en jy terug gekyk het na Sy liefde, laat ons geloof Sy toekomstige liefde in oënskou neem. Jesus Christus se verbond en bloed gaan oor meer as wat verby is. Hy wat jou lief gehad en vergewe het sal nooit ophou om jou lief te hê nie, en nooit ophou om jou te vergewe nie. Hy is jou Alfa en sal jou Omega wees. Hy is die eerste en sal die laaste wees. Onthou, selfs wanneer jy deur die vallei van die doodskadu gaan, hoef die bose nie gevrees te word nie, want Hy sal met jou wees. Wanneer jy in die koue vloed van die Jordaan staan, moenie vrees nie, die dood kan jou nie van Sy liefde skei nie. Wanneer jy die geheimenisse van die ewigheid in die gesig staar, is daar geen rede om te bewe nie, want ons lees in **Rom. 8:38-39: Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.** Dit is sekerlik genoeg om ons eerste liefde vir Jesus te vernuwe. Wanneer jy daaraan dink hoe vêr Hy jou gebring het, deur Sy nimmereindigende liefde en genade, is dit nie genoeg om jouself in die Here jou God te verheug nie? Soos ons oor die liefde van die Here mediteer, sal ons harte aan die brand wees om Hom meer en meer lief te hê.

Die eksamens is verby en ons vertrou dat die uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid.

Ons loof die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê en ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie tyd geseënd sal wees.

Mag jy die liefde van ons Hemelse Vader selfs in `n groter mate, in hierdie komende jaar ken, en saam met Sy liefde, voeg ons ons liefde en erkentlike dank! Ons waardeer werklik julle wonderlike ondersteuning, gebede en aanmoediging gedurende 2007, wat `n baie tasbare vorm van jul liefde vir die Here, Sy werk en Sy Woord is. Sonder hierdie liefde en geloof in aksie sou dit nie vir ons moontlik gewees het om soveel vir die Here in 2007 te kon vermag nie! Dankie, en mag die Here julle ryklik seën en die begeertes van julle hart gee.

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Geen Groter Liefde)
Wanneer jy liefde saai, kom die oes nie dadelik nie – so is dit ook in die natuur. Miskien gaan jy eers later die oes insamel, MAAR DAAR GAAN 'N OES WEES! Hoeveel mense verwerp nie vir baie jare God se liefde nie, en dan skielik op 'n dag oorweldig dit hulle.

Geloof en liefde gaan hand-aan-hand. Jou liefdesdaad is 'n geloofsdaad. Jy stel jou geloof vry as jy liefde demonstreer. Liefde is nie WOORDE nie, maar wel OPTREDE. Kyk na Skrifte soos Luk. 6:36-38, 2 Kor. 9:6-11, Gal. 6:7-8.

E. LIEFDE VERDRYF DIE DUIWEL.

1 Joh. 4:16-19: En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.

Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Goddelike Liefde verdryf vrees omdat dit volmaak is. Omdat liefde die teenoorgestelde is van satan se karakter, vlug hy daarvoor weg. Satan bring vrees, maar hy vlug as jy God se Liefde in omstandighede inbring. Om in liefdeloosheid op te tree, is om met die duiwel saam te werk, maar om lief te hê is om met God saam te werk. As jy volhou om te haat verbitter en hardkoppig en vol rebellie te wees, is jy net soos die duiwel en hy voel tuis by jou. Wanneer jy soos 'n navolger van God in liefde optree, verdryf jy die duiwel.

Onthou KIES om lief te hê en TREE OP. Vra God HOE jy liefde in 'n saak kan demonstreer – Hy sal vir jou wysheid gee. Lees 1 Kor. Hoofstuk 13.

Ek vertrou dat hierdie lering oor die LIEFDE VAN GOD jou sal help om eerstens NOOIT WEER aan Sy Liefde vir jou te twyfel nie, en tweedens, jou aangemoedig het om voortdurend IN LIEFDE teenoor jou medemens te lewe, of jy nou daarna voel of nie! Ek sluit af met 'n uitstekende belydenis oor LIEFDE. Jy kan dit dikwels vir jouself, vir God en die duiwel, herhaal en GLO dit met jou hart. Anders is dit 'n ydele herhaling van woorde wat niks bereik nie!

"Ek is die tempel van God. Dit beteken dat ek 'n tempel van liefde is: 'n heilige gebou, 'n geestelike huis. Ek is die woonplek van God. Dit beteken dat ek 'n liefdehuis is: 'n houer van liefde. Liefde woon in my. Ek is 'n liefdeskind. Ek dien 'n God van Liefde.

Die liefde van God vloei ongehinderd deur my. Dit is Goddelike Liefde. Ek kan hierdie liefde nie wegsteek of keer nie, daarom vloei dit van my uit. Ek gaan in hierdie liefde van God waar ek ookal gaan en dit maak nie saak wat ander aan my doen of hoe liefdeloos hulle teenoor my is nie, ek KIES om hulle lief te hê en ek bevestig my keuse met my DADE." □

"Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Rom. 5:5: ...."